(*d*) alle voorwerpe (met inbegrip van speelgoedpistole) wat so baie na 'n pistool of ander vuurwapen lyk dat dit daarop bereken is om die indruk te skep dat dit 'n egte vuurwapen is en wat in staat is om deur die afvuur van 'n patroon (gelaai of ongelaai) 'n harde knal te veroorsaak wat daarop bereken is om die indruk te skep dat 'n egte vuurwapen afgevuur is, en ook patrone daarvoor (as daar is);

(*e*) alles wat soos 'n wandelstok, pen of ander skynbaar onskadelike voorwerp lyk en so ontwerp is dat dit 'n lem of ander dodelike wapen kan verberg.

Goewermentskennisgewing No. 2443 van 21 November 1947, in *Staatskoerant* No. 3897 van 21 November 1947, word hierby ingetrek.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 1987.] [3 August 1951.

DANGEROUS WEAPONS.—IMPORTATION OF.

In terms of sub-section (v) of sub-section (*d*) of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (No. 35 of 1944), I, Johannes Andreas Brink, Commissioner of the South African Police, do hereby declare the following articles to be dangerous weapons:—

(*a*) Knives, the blades of which can be fixed when opened;

(*b*) solid rubber batons;

(*c*) tear-gas pens and other instruments (excluding firearms) projecting, or capable of being adapted to project, projectiles or blinding, lachrymating, asphyxiating, incapacitating or virulent gases and cartridges therefor;

(*d*) any article (including toy pistols) which so closely resembles a pistol or other firearm as to be calculated to give the impression that it is a geniune firearm and which is capable, by the discharge of a cartridge (loaded or unloaded) of causing a loud report, calculated to give the impression that a genuine firearm had been discharged and also cartridges (if any) therefor;

(*e*) any device resembling a walking stick, pen or other seemingly harmless article which is designed to conceal a blade or other lethal weapon.

Government Notice No. 2443, dated 21st November, 1947, appearing in *Government Gazette* No. 3897 of 21st November, 1947, is hereby withdrawn.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

✱ No. 1994.] [3 Augustus 1951.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

WYSIGING IN ALGEMENE SPOORWEGREGULASIES.

Dit het sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *vier* van die Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet (No. 22 van 1916) goedkeuring te verleen aan wysigings van Algemene Spoorwegregulasies Nos. 137 en 259 soos volg:—

Paragraaf (*c*) van regulasie 137 van die Algemene Spoorwegregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 801 van 28 Mei 1937, word hierby gewysig deur die skrapping van die woorde „vir privaat sylyne".

Paragraaf (*a*) van regulasie No. 259 van die Algemene Spoorwegregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 801 van 28 Mei 1937, word hierby herroep en vervang deur:—

259. (*a*) (i) Die drywer/bestuurder of kondukteur van 'n meganies aangedrewe voertuig of voertuig deur diere getrek, moet, terwyl sodanige voertuig op spoorwegterrein is, uitvoering gee aan die instruksies wat deur die Administrasie daarop of daarby vertoon word, of wat deur die stasiemeester of ander gemagtigde dienaar, of deur 'n lid van die Spoorweg- en Hawepolisie aan hom gegee word.

(ii) Geen drywer of ander persoon wat toesig het oor 'n dier of 'n voertuig met diere bespan, moet sodanige dier of voertuig sonder oppasser op spoorwegterrein laat nie.

(iii) 'n Persoon wat die voorgaande bepalings van hierdie subregulasie oortree of in gebreke bly om uitvoering daaraan te gee, is skuldig aan 'n oortreding kragtens hierdie regulasies.

(iv) Wanneer 'n voertuig op spoorwegterrein gelaat of gebring is in omstandighede wat op 'n oortreding van paragraaf (i) of (ii) van hierdie subregulasie neerkom, word daar aangeneem, tensy die teendeel bewys word, dat die eienaar van die voertuig (wat, in die geval van 'n motorvoertuig, geag sal word die persoon te wees in wie se naam die voertuig geregistreer is) ten tye van die oortreding die drywer/bestuurder of kondukteur daarvan was.

✱ No. 2006.] [3 Augustus 1951.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet No. 23 van 1925), sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawepolisieregulasies:—

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

SPOORWEG- EN HAWEPOLISIEREGULASIES.

WYSIGINGSLYS.

(*In werking vanaf* 1 *Maart* 1951.)

Regulasie No. **19.**

Vervang paragraaf (8) deur die volgende:—

„(8) 'n Offisier wie se diens deurgaans bevredigend was, kan by uitdienstreding deur die Minister toegelaat word om sy rang te behou, en in 'n besonder verdienstelike geval kan die Minister 'n offisier se

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

✱ No. 1994.] [3 August 1951.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

AMENDMENT TO GENERAL RAILWAY REGULATIONS.

His Excellency the Governor-General has, by virtue of section *four* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act (No. 22 of 1916) been pleased to approve of amendments to General Railway Regulations Nos. 137 and 259 as follows:—

Paragraph (*c*) of Regulation 137 of the General Railway Regulations published under Government Notice No. 801 of 28th May, 1937, is hereby amended by the deletion of the words "private siding".

Paragraph (*a*) of Regulation 259 of the General Railway Regulations published under Government Notice No. 801 of 28th May, 1937, is hereby repealed and substituted by:—

259. (*a*) (i) The driver or conductor of any mechanically propelled or animal-drawn vehicle shall, whilst such vehicle is upon railway premises, observe and obey such directions as may be exhibited by the Administration thereon or thereat, or as may be given to him by the station master or other authorized servant or by any member of the Railways and Harbours Police.

(ii) No driver or other person in charge of an animal or animal-drawn vehicle shall leave such animal or vehicle unattended on railway premises.

(iii) Any person who contravenes or fails to comply with the preceding provisions of this subregulation shall be guilty of an offence under these regulations.

(iv) Whenever any vehicle has been left or manoeuvred upon railway premises in circumstances amounting to a contravention of paragraph (i) or (ii) of this sub-regulation, it shall be presumed, unless the contrary is proved, that the owner of the vehicle (who shall, in the case of a motor vehicle, be deemed to be the person in whose name the vehicle is registered) was the driver or conductor thereof at the time when the contravention occurred.

✱ No. 2006.] [3 August 1951.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railway and Harbour Police Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

RAILWAY AND HARBOUR POLICE REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from* 1*st March,* 1951.)

Regulation No. **19.**

Substitute the following for paragraph (8):—

"(8) A commissioned officer whose service throughout has been satisfactory, may on retirement from the force, be permitted by the Minister to retain his rank, and, in a particularly deserving case, the Minister

rang met een graad verhoog onderworpe aan die bepaling dat:—

(*a*) 'n onderinspekteur tien jaar diens as offisier het;

(*b*) 'n inspekteur vyftien jaar diens as offisier of tien jaar as inspekteur het;

(*c*) 'n seniorinspekteur twintig jaar diens as offisier of tien jaar as seniorinspekteur het;

met dien verstande dat die Minister in buitengewone omstandighede 'n hoër rang kan toeken sonder dat daar aan die voornoemde diensvoorwaardes ten volle voldoen is."

may, subject to compliance with the following conditions, raise his rank by one grade:—

(*a*) a Sub-Inspector must have served ten years as a commissioned officer;

(*b*) an Inspector must have served fifteen years as a commissioned officer or ten years in the rank of Inspector.

(*c*) a Senior Inspector must have served twenty years as a commissioned officer or ten years in the rank of Senior Inspector;

provided that the Minister may in special circumstances grant a higher rank without the service conditions mentioned in the foregoing being fully complied with."

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

✱ No. 1974.] [3 Augustus 1951.

REGISTRASIE VAN BRANDMERKE.—ORANJE-VRYSTAAT.

Onderstaande brandmerke word hierby ingevolge artikel *vyf* van die „Orange River Colony Brands Registration Ordinance", 1903, vir algemene inligting gepubliseer:—

No. *No.*	Naam. *Name.*	Woonplek en Adres. *Residence and Address.*	Distrik. *District.*	Brandmerk. *Brand.*
2396	Paul Mare	Posbus/*P.O. Box* 8, Aberfeldy	Bethlehem	M P3
2397	Gabriel Rossouw Botes	Santiago, Pk./*P.O.* Winburg	Winburg	Z G7
2398	Johannes Hendrikus Brand Joubert	Leeuwaspruitdam, Pk./*P.O.* Excelsior	Winburg	Z I J

3–10–17

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 1974.] [3 August 1951.

REGISTRATION OF BRANDS.—ORANGE FREE STATE.

The following brands are published for general information under section *five* of the Orange River Colony Registration Ordinance, 1903:—

No. *No.*	Naam. *Name.*	Woonplek en Adres. *Residence and Address.*	Distrik. *District.*	Brandmerk. *Brand.*
2396	Paul Mare	Posbus/*P.O. Box* 8, Aberfeldy	Bethlehem	M P3
2397	Gabriel Rossouw Botes	Santiago, Pk./*P.O.* Winburg	Winburg	Z G7
2398	Johannes Hendrikus Brand Joubert	Leeuwaspruitdam, Pk./*P.O.* Excelsior	Winburg	Z I J

3–10–17

✱ No. 1975.] [3 Augustus 1951.

SKEMA VIR DIE REËLING VAN DIE BEMARKING VAN PYNAPPELS, INGEVOLGE DIE BEMARKINGSWET (WET No. 26 VAN 1937), SOOS GEWYSIG.

Ingevolge paragraaf (*b*) van subartikel (3) van artikel *sewentien* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, word hierby vir algemene inligting besonderhede gepubliseer van 'n skema wat verskyn in die Bylae hiervan en wat ingevolge subartikel (1) van genoemde artikel deur die Bathurst Farmers' Union, Ltd., aan die Minister voorgelê is.

Elkeen wat verlang om beswaar in te dien of vertoë te rig in verband met genoemde skema word hierby versoek om binne twee maande vanaf die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing sodanige besware of vertoë skriftelik in te dien.

(LET WEL.—Daar dien verduidelik te word dat genoemde skema gepubliseer word soos deur gemelde Unie voorgelê en, ofskoon die Minister dit voorlopig goedgekeur het met die oog op die publikasie en ondersoek daarvan, hy nie gebonde is aan die finale goedkeuring daarvan nie.

Hierdie skema is ingevolge die genoemde Wet na die Nasionale Bemarkingsraad verwys vir ondersoek en verslag en sal in die lig van die Bemarkingsraad se verslag van besware of vertoë ingevolge hierdie kennisgewing mettertyd verder oorweeg word).

BYLAE.

ONTWERPSKEMA OM VOORSIENING TE MAAK VIR DIE REËLING VAN DIE PRODUKSIE EN BEMARKING VAN PYNAPPELS, INGEVOLGE DIE BEMARKINGSWET, 1937, SOOS GEWYSIG.

HOOFSTUK I.

UITVOERING VAN SKEMA EN BEVOEGDHEDE VAN DIE RAAD.

Naam en bestek van skema.

1. (1) Hierdie skema is bekend as die Suid-Afrikaanse Pynappelskema en het betrekking op vars pynappels.

(2) Die bepalings van hierdie skema is van toepassing in die Unie op die hierna genoemde klasse persone wat pynappels produseer of as 'n besigheid in pynappels handel.

✱ No. 1975.] [3 August 1951.

SCHEME FOR REGULATING THE MARKETING OF PINEAPPLES IN TERMS OF THE MARKETING ACT, 1937 (ACT No. 26 OF 1937), AS AMENDED.

In terms of paragraph (*b*) of sub-section (3) of section *seventeen* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, particulars of a scheme appearing in the Schedule hereto, which has, in terms of sub-section (1) of the said section, been submitted to the Minister of Agriculture by the Bathurst Farmers' Union, Limited, are hereby published for general information.

Any person desiring to submit any objections to or representations concerning the said scheme is hereby invited to lodge such objections or representations with the Minister in writing within two months from the date of publication of this notice.

(NOTE.—It should be explained that the scheme is published as submitted by the said Union, and, while the Minister has approved of it provisionally with a view to its publication and investigation, he is not committed to final approval thereof.

The scheme has, in terms of the said Act, been referred to the National Marketing Council for investigation and report, and will in due course receive further consideration in the light of the Council's report of any objections or representations submitted in pursuance of this notice.)

SCHEDULE.

DRAFT SCHEME TO PROVIDE FOR THE REGULATION OF THE PRODUCTION AND MARKETING OF PINEAPPLES IN TERMS OF THE MARKETING ACT, 1937, AS AMENDED.

CHAPTER I.

ADMINISTRATION OF SCHEME AND POWERS OF BOARD.

Name and Scope of Scheme.

1. (1) This scheme shall be known as the South African Pineapple Scheme, and shall relate to fresh pineapples.

(2) The provisions of this scheme shall apply in the Union to the classes of persons hereinafter mentioned who are concerned in the production of pineapples, or who deal in the course of trade with pineapples.

Uitvoering van die skema en samestelling van die Raad.

2. (1) Die skema word uitgevoer deur die Pynappelraad (hierna die Raad genoem) wat vir hierdie doel uit elf lede bestaan, deur die Goewerneur-generaal aangestel te word, van wie—

(*a*) vyf verteenwoordigers is van die pynappelprodusente wat lede is van koöperatiewe verenigings of koöperatiewe maatskappye ten opsigte van pynappels gestig en benoem word ooreenkomstig die bepalings van artikel 3;

(*b*) twee verteenwoordigers is van pynappelprodusente wat nie lede van so'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy is nie en benoem word ooreenkomstig die bepalings van artikel 4;

(*c*) een 'n verteenwoordiger is van pynappelverbruikers en deur die Minister na raadpleging met die Adviserende Verbruikerskomitee benoem word;

(*d*) een 'n verteenwoordiger is van persone wat in 'n kleinhandelsbesigheid pynappels hanteer en benoem word deur 'n vereniging wat, na mening van die Minister verteenwoordigend is van sodanige persone in die Unie; met dien verstande dat niemand wat, na die mening van die Minister, regstreeks of onregstreeks in die kleinhandel in pynappels betrokke is, ingevolge hierdie paragraaf benoem word nie;

(*e*) een 'n verteenwoordiger is van konfytfabrikante en vrugteinmakers en benoem word deur 'n vereniging wat, na die mening van die Minister, verteenwoordigend is van sodanige fabrikante en inmakers in die Unie; en

(*f*) een 'n verteenwoordiger is van die Departement van Landbou en deur die Minister benoem word.

(2) Die Raad kan hoogstens twee persone as adviserende lede koöpteer.

Benoeming van koöperatiewe produsentelede.

3. Die lede van die Raad genoem in paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel 2 word benoem, soos hieronder:—

Drie lede word benoem deur die Bathurst Farmers' Union, Ltd., en twee lede deur die East London Co-operative Society.

Benoeming van lede van nie-koöperatiewe produsente.

4. As daar in die Unie enige vereniging bestaan wat, na die mening van die Minister, verteenwoordigend is van ander pynappelprodusente as lede van 'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy ten opsigte van sodanige pynappels gestig, is daardie vereniging geregtig om die lede van die Raad genoem in paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel 2 van aanstelling op die Raad te benoem.

Kennisgewing om lede te benoem.

5. Wanneer 'n benoeming ooreenkomstig paragraaf (*d*) of (*e*) van subartikel (1) van artikel 2 of ooreenkomstig artikel 3 of 4 nodig word, moet die Minister die Bathurst Farmers' Union, Ltd., of die betrokke vereniging by skriftelike kennisgewing aansê om binne 'n tydperk in die aansegging vasgestel die persone te benoem wat hy, ingevolge die betrokke artikel, geregtig is om vir aanstelling op die Raad te benoem.

Minister kan benoem as geen geskikte persoon benoem word nie.

6. (1) Indien iemand wat ingevolge paragraaf (*d*) of (*e*) van subartikel (1) van artikel 2, of ingevolge artikel 3 of 4 benoem is, na die oordeel van die Minister nie geskik is vir aanstelling as lid van die Raad nie, kan die Minister daardie benoeming terug verwys na die betrokke organisasie en daardie organisasie aansê om iemand anders vir aanstelling op die Raad te benoem, en indien daardie organisasie daarop weer iemand benoem wat volgens die oordeel van die Minister ongeskik of onbevoegd is, soos voormeld, of wanneer so'n organisasie in gebreke bly om iemand te benoem, kan die Minister self, iemand benoem wat hy geskik ag om lid van die Raad te wees.

Administration of Scheme and Constitution of Board.

2. (1) This scheme shall be administered by the Pineapple Board (hereinafter referred to as the board) which for that purpose shall consist of eleven members, to be appointed by the Governor-General, of whom—

(*a*) five shall represent producers of pineapples who are members of co-operative societies or co-operative companies established in respect of pineapples and shall be nominated as provided in section 3;

(*b*) two shall represent producers of pineapples who are not members of any such co-operative society or co-operative company and shall be nominated as provided in section 4;

(*c*) one shall represent consumers of pineapples and shall be nominated by the Minister after consultation with the Consumers' Advisory Committee;

(*d*) one shall represent persons dealing with pineapples in the course of the retail trade and shall be nominated by an association, which in the opinion of the Minister, is representative of such persons in the Union; provided that no person who, in the opinion of the Minister, is directly or indirectly interested or concerned in the wholesale trade in pineapples, shall be nominated under this paragraph;

(*e*) one shall represent jam manufacturers and fruit canners and shall be nominated by an association which, in the opinion of the Minister, is representative of such manufacturers and canners in the Union; and

(*f*) one shall be an officer of the Department of Agriculture, nominated by the Minister.

(2) The board may co-opt not more than two persons as advisory members of the board.

Nomination of Co-operative Producers' Members.

3. The members of the board referred to in paragraph (*a*) of sub-section (1) of section 2 shall be nominated as under:—

Three members shall be nominated by the Bathurst Farmers' Union, Limited, and two members by the East London Co-operative Society.

Nomination of Non-Co-operative Producers' Members.

4. If there is in existence in the Union any association which, in the opinion of the Minister, is representative of producers of pineapples other than producers who are members of any co-operative society or co-operative company established in respect of such pineapples, that association shall be entitled to nominate the members of the board referred to in paragraph (*b*) of sub-section (1) of section 2 for appointment to the board.

Notice to Nominate Members.

5. Whenever a nomination in terms of paragraph (*d*) or (*e*) of sub-section (1) of section 2, or in terms of section 3 or 4 becomes necessary, the Minister shall call upon the Bathurst Farmers' Union, Limited, or the association concerned, or cause it to be called upon, by notice in writing, to nominate, within a period fixed by such notice, such persons as it is entitled, in terms of the relevant section, to nominate for appointment to the board.

If no Suitable Person Nominated, Minister may Nominate.

6. (1) If any person nominated under paragraph (*d*) or (*e*) of sub-section (1) of section 2, or under section 3 or 4 is, in the opinion of the Minister, not suitable for appointment as a member of the board, the Minister may refer that nomination back to the association concerned and call upon that association to nominate some other person for appointment to the board, and if the said association thereupon again nominates a person, who is in the opinion of the Minister, not suitable, as aforesaid, or whenever any such association fails to nominate any person the Minister may himself nominate any person whom he considers fit to be a member of the Board.

(2) Wanneer 'n benoeming ingevolge paragraaf (*d*) of (*e*) van subartikel (1) van artikel 2 of ingevolge artikel 3 of 4 nodig word, kan die Minister, indien hy daarvan oortuig is dat daar geen vereniging bestaan om te benoem nie, self iemand benoem vir aanstelling op die Raad om die betrokke belange te verteenwoordig.

Ampsduur van lede van die Raad.

7. (1) Lede van die Raad word vir 'n tydperk van twee jaar aangestel, met dien verstande dat die lid bedoel in paragraaf (*f*) van subartikel (1) van artikel 2 sy amp beklee solank dit die Goewerneur-generaal behaag.

(2) By verstryking van die tydperk waarvoor lede aangestel is, bly hulle hul amp beklee totdat hul opvolgers aangestel is, maar in geen geval vir 'n tydperk van meer as drie maande nie.

(3) Aftredende lede kan weer aangestel word.

(4) Wanneer die setel van 'n lid van die Raad om een of ander rede vakant word vóór verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is—

(*a*) stel die Minister in die geval van 'n lid bedoel in paragraaf (*a*) van subartikel 1 van artikel 2 iemand aan wat deur die Bathurst Farmers' Union, Ltd., benoem is, en

(*b*) kan die Minister in die geval van 'n ander lid van die Raad iemand anders aanstel wat hy geskik ag om die pos te vul totdat die tydperk verstryk waarvoor die uitgetrede lid aangestel is.

(5) Wanneer die Minister bevind dat 'n lid van die Raad, met inbegrip van 'n lid ingevolge subartikel (4) aangestel weens siekte, afwesigheid of 'n ander oorsaak verhinder word om sy ampspligte te verrig—

(*a*) stel die Minister, in die geval van 'n lid bedoel in paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel 2, iemand anders aan wat deur die Bathurst Farmers' Union, Ltd., benoem is;

(*b*) kan die Minister, in die geval van 'n ander lid van die Raad, iemand anders wat hy geskik ag, benoem om as plaasvervanger van daardie lid op te tree solank hy aldus verhinder word.

(6) 'n Lid van die Raad hou op om lid te wees—

(*a*) as hy sonder verlof van die Raad van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad wegbly; of

(*b*) as hy ontoerekenbaar word of skuldig bevind word weens 'n oortreding en veroordeel word tot tronkstraf sonder keuse van boete; of

(*c*) as hy insolvent raak of 'n vergelyk met sy krediteure tref; of

(*d*) as hy skriftelik sy bedanking by die Raad indien.

Raadsvergaderings.

8. (1) Alle vergaderings van die Raad word gehou op die tye en plekke wat die Raad of die voorsitter, indien deur die Raad daartoe gemagtig, van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die voorsitter van die Raad kan self te eniger tyd 'n spesiale vergadering van die Raad belê, wat gehou moet word op 'n tyd en plek deur hom bepaal.

(3) Die voorsitter belê op skriftelike versoek van minstens vier lede van die Raad binne dertig dae vanaf ontvangs van so'n versoek, 'n spesiale vergadering van die Raad op 'n tyd en plek wat hy bepaal.

(4) Die vergaderings van die Raad word belê by kennisgewing deur of op las van die voorsitter van die Raad of van die sekretaris van die Raad, deur die Raad daartoe gemagtig.

Verkiesing van voorsitter.

9. (1) Die Raad kies, wanneer omstandighede dit noodsaak, uit sy lede 'n voorsitter wat as sulks optree vir 'n tydperk van een jaar of totdat hy ophou om lid van die Raad te wees na gelang van watter tydperk die kortste is.

(2) Wanneer die voorsitter nie in staat is om sy pligte te verrig nie, kies die Raad een van sy ander lede om as voorsitter op te tree.

(2) Whenever any nomination in terms of paragraph (*d*) or (*e*) of sub-section (1) of section 2, or in terms of section 3 or 4 becomes necessary the Minister may, if he is satisfied that there exists no association entitled to make that nomination, himself nominate any person for appointment to the board to represent the interests concerned.

Tenure of Office of Members of the Board.

7. (1) The members of the board shall be appointed for a period of two years; provided that the member referred to in paragraph (*f*) of sub-section (1) of section 2 shall hold office during the Governor-General's pleasure.

(2) Upon the expiration of the period for which members were appointed, they shall continue to hold office until their successors have been appointed, but in no case for a further period of more than three months.

(3) Retiring members shall be eligible for reappointment.

(4) Whenever for any reason the office of any member of the board becomes vacant before the expiration of the period for which he was appointed the Minister—

(*a*) shall, in the case of a member referred to in paragraph (*a*) of sub-section (1) of section 2, appoint any other person nominated by the Bathurst Farmers' Union, Limited; and

(*b*) may, in the case of any other member of the board, appoint any other person whom he considers suitable, to fill such vacancy until the expiration of the period for which the vacating member was appointed.

(5) Whenever the Minister is satisfied that any member of the board, including any member appointed under sub-section (4), is prevented by illness, absence or any other cause from performing the duties of his office, the Minister—

(*a*) shall, in the caes of a member referred to in paragraph (*a*) of sub-section (1) of section 2, appoint any other person nominated by the Bathurst Farmers' Union, Limited; and

(*b*) may, in the case of any other member of the board, appoint any other person whom he considers suitable, to act as the deputy of that member while he is so prevented.

(6) A member of the board shall cease to hold office as such—

(*a*) if he absents himself from three consecutive meetings of the board without its leave; or

(*b*) if he becomes of unsound mind or is convicted of any offence and sentenced to any period of imprisonment without the option of a fine; or

(*c*) if he becomes insolvent or compounds with his creditors; or

(*d*) if he resigns by notice in writing to the board.

Meetings of the Board.

8. (1) All meetings of the board shall be held at such times and places as the board, or the chairman, if authorised thereto by the board, may from time to time determine.

(2) The chairman of the board may himself at any time call a special meeting of the board to be held at a time and place to be appointed by him.

(3) At the written request of not less than four members of the board, the chairman shall call a special meeting of the board to be held within thirty days from the date of receipt of such written request, at a time and place to be appointed by him.

(4) The meetings of the board shall be convened by notice given by or by direction of the chairman or by the secretaries of the board authorised thereto by the board.

Election of Chairman of Board.

9. (1) The board shall, as occasion arises, elect from amongst its members a chairman, who shall hold office as such for a period of one year or until he ceases to be a member of the board, whichever shall be the shorter period.

(2) Whenever the chairman is unable to perform his functions, the board shall elect another of its members to act as chairman.

Kworum en prosedure op vergaderings.

10. (1) Ses lede van die Raad, aangestel ooreenkomstig subartikel (1) van artikel 2 of subartikels (4) en (5) van artikel 7 maak 'n kworum uit op 'n vergadering van die Raad.

(2) Die besluit van die meerderheid van die raadslede wat aangestel is, soos voormeld en wat op 'n vergadering teenwoordig is, maak 'n beslissing van die Raad uit; met dien verstande dat die voorsitter by 'n staking van stemme benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het.

Toelae van raadslede.

11. Die raadslede (behalwe dié wat salarisse uit Staatsfondse ontvang) en adviserende lede deur die Raad gekoöpteer, ontvang sodanige toelaes uit die fondse van die Raad soos die Raad, met goedkeuring van die Minister, bepaal, om hul redelike uitgawes in verband met die sake van die Raad, te bestry.

Komitees van die Raad.

12. (1) Die Raad kan, met goedkeuring van die Minister, en onderworpe aan voorwaardes wat die Raad oplê, een of meer komitees uit sy lede aanstel en aan so'n komitee sodanige van sy bevoegdhede opdra as wat hy goeddunk; met dien verstande dat die Raad nie afstand doen van 'n bevoegdheid wat hy aan so'n komitee opdra nie.

(2) Die Raad kan 'n komitee aanstel bestaande uit hoogstens drie lede wat deur die Raad aangestel word vir 'n tydperk wat hy bepaal om die Raad te adviseer in enige saak wat die toepassing van die skema en enige bepaling daarvan raak en kan op die voorwaardes wat hy bepaal van sy bevoegdhede daaraan opdra.

Boekjaar.

13. Die boekjaar onder die skema is die tydperk van die eerste dag van Julie elke jaar tot die laaste dag van Junie in die volgende jaar.

Oudit.

14. (1) Die rekenings en balansstaat van die Raad word geouditeer deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal wat vir die doeleindes van so'n ouditering een of meer persone kan aanstel om hom, onderworpe aan die voorskrifte wat hy goedvind, behulpsaam te wees.

(2) Die Raad betaal vir so'n ouditering aan die Tesourie 'n bedrag wat deur die Tesourie, na raadpleging met die Minister en die Kontroleur en Ouditeur-generaal, bepaal word.

Bevoegdhede van die Raad.

15. (1) Die Raad is bevoeg—

(*a*) om die beamptes aan te stel en die eiendom aan te skaf of te huur wat hy nodig ag vir die behoorlike verrigting van sy werksaamhede en vir die bereiking van die doel van die skema; met dien verstande dat geen vaste eiendom sonder die goedkeuring van die Minister en op ander voorwaardes as wat hy goedkeur, aangeskaf word nie;

(*b*) om, onderworpe aan voorwaardes deur die Minister goedgekeur, die agente wat hy nodig ag vir die behoorlike verrigting van sy werksaamhede aan te stel; met dien verstande dat, indien die aansoek van enige persoon om aanstelling as 'n agent van die hand gewys is of die aanstelling van enige persoon as 'n agent beëindig word, hy, nadat 'n bedrag van vyftien pond by die Sekretaris gestort is, teen die van die hand wysing of beëindiging na die Minister kan appelleer en die Minister die appèl van die hand kan wys of, as hy oortuig is dat daardie persoon as agent aangestel behoort te word benewens enige ander aldus aangestelde persoon of dat sy aanstelling nie beëindig behoort te gewees het nie, na gelang van die geval, die appèl kan toestaan en die wyse kan bepaal waarop oor die aldus gestorte bedrag beskik moet word;

Quorum and Procedure at Meetings.

10. (1) Six members of the board appointed in terms of sub-section (1) of section 2 or in terms of sub-sections (4) and (5) of section 7 shall form a quorum at any meeting thereof.

(2) The decision of a majority of the members of the board appointed as aforesaid and present at any meeting thereof, shall constitute the decision of the board; provided that in the event of an equality of votes the chairman shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

Allowances of Members of the Board.

11. The members of the board (other than those in receipt of salaries from public funds) and any advisory members co-opted by the board shall be paid such allowances out of the funds of the board to meet the reasonable expenses to which they are put in connection with the business of the board, as the board may, with the approval of the Minister, determine.

Committees of Board.

12. (1) The board may, with the consent of the Minister and subject to such conditions as the board may impose, appoint one or more committees from its members and invest any such committees with such of its powers as it may deem fit; provided that the board shall not be divested of any power with which it may invest any such committee.

(2) The board may establish a committee consisting of not more than three persons who shall be appointed by the board for such period as it may determine for the purpose of advising the board in regard to any matter relating to the administration of the scheme or any provision thereof, and to which the board may on such conditions as it may determine assign any of its powers under this scheme.

Financial Year.

13. The financial year under this scheme shall be the period from the first day of July in any year to the last day of June in the following year.

Audit.

14. (1) The accounts and balance sheet of the board shall be audited by the Controller and Auditor-General, who may, for the purposes of such audit, appoint one or more persons to assist him, subject to such directions as he may deem fit.

(2) An amount which shall be determined by the Treasury after consultation with the Minister and the Controller and Auditor-General, shall be paid by the board to the Treasury in respect of such audit.

Powers of the Board.

15. (1) The board shall have power—

(*a*) to appoint such servants and to acquire or hire such property as it may consider necessary for the proper performance of its functions and for the attainment of the objects of the scheme; provided that no immovable property shall be acquired except with the consent of the Minister and on such conditions as he may approve;

(*b*) to appoint, subject to conditions approved by the Minister, such agents as it may consider necessary for the proper performance of its functions; provided that if the application of any person for appointment as an agent has been refused, or if the appointment of any person as an agent is terminated, he may, on depositing with the Secretary an amount of fifteen pounds, appeal against the refusal or termination to the Minister, who may dismiss the appeal, or if he is satisfied that such person should be appointed as an agent in addition to any other person so appointed or that his appointment should not have been terminated, as the case may be, allow the appeal and determine the manner in which the amount so deposited shall be disposed of;

(*c*) om met die Minister se goedkeuring geld te leen om aangewend te word ter verwesenliking van die doel van die skema en om geld verkry uit 'n heffing ooreenkomstig artikel 16 opgelê, aan te wend vir enige doel wat volgens die Raad se oordeel tot voordeel is van pynappelprodusente;

(*d*) om geld of eiendom aan te neem wat by wyse van skenking, toekenning of op ander wyse aan die Raad gegee word en om daardie geld of eiendom te gebruik op die wyse wat die Minister goedkeur;

(*e*) om 'n inligtingsdiens in te stel ten einde pynappelprodusente van tyd tot tyd in te lig aangaande toestande van bemarking oor die algemeen of van 'n besondere mark;

(*f*) om met elkeen mee te doen aan 'n handeling wat die Raad kan verrig, en om namens 'n ander soortgelyke raad alle handelings te verrig wat daardie raad kan verrig;

(*g*) om die maksimum hoeveelheid te bepaal van 'n klas, variëteit graad of telling pynappels wat enige week of enige dag of ander tydperk deur die Raad vasgestel ingebring kan word in of verwyder kan word uit 'n gebied deur die Raad omskryf;

(*h*) om as agent vir die ontvangs en verkoop van pynappels van enige variëteit of klas op te tree;

(*i*) om pynappels in verband waarmee hy 'n poel bestuur te behandel soos hy goedvind, te gradeer, te verpak, op te berg, te verwerk, te verseker, te adverteer en te vervoer;

(*j*) om 'n poel wat deur die Raad bestuur word te fianansieer en om aan bydraers tot die poel geld voor te skiet;

(*k*) om elkeen wat betrokke is by die produksie, bemarking of verwerking van enige klas of variëteit pynappels te gelas om aan die Raad die inligting met betrekking tot pynappels van daardie klas of variëteit waaroor bedoelde persoon beskik en wat die Raad spesifiseer, te verstrek;

(*l*) om met goedkeuring van die Minister die registers wat gehou, die opgawes wat by die Raad ingedien moet word en die tye, die vorm en wyse waarop bedoelde opgawes aldus verstrek moet word, deur iemand of 'n klas of groep persone wat pynappels produseer of wat as 'n besigheid in pynappels handel, voor te skryf;

(*m*) om deur middel van toekenning of lening of op ander wyse hulp te verleen aan enige navorsingswerk met betrekking tot die verbetering, produksie, verwerking en bemarking van pynappels;

(*n*) om die Minister van advies te dien aangaande—

(i) die voorwaardes, betreffende grade, kwaliteitstandaarde, verpakkingsmetodes en die merk van pynappels of 'n houer of omhulsel wat dit bevat, waaronder pynappels verkoop mag word;

(ii) die verbod op, beheer of reëling van die invoer van 'n besondere klas of variëteit pynappels;

(iii) alle aangeleenthede betreffende die bemarking en verwerking van pynappels;

(*o*) om met die goedkeurnig van die Minister 'n produsent te verbied om pynappels te verkoop wat hy gekweek het, behalwe sodanige klas, variëteit, graad, hoeveelheid of persentasie daarvan as wat die Raad bepaal het, of behalwe vir die doeleindes wat die Raad omskryf het;

(*p*) om met die goedkeuring van die Minister iemand te verbied om pynappels te verkoop tensy hy die pynappels van die Raad of van iemand deur die Raad bepaal, aangekoop het;

(*q*) om met goedkeuring van die Minister van iemand wat as 'n besigheid in pynappels handel aan die Raad die sekerheidstelling wat by regulasie voorgeskryf is, te verskaf vir die betaling van die koopprys van 'n hoeveelheid pynappels en om met die sekerheidstelling aldus verskaf te handel op 'n wyse in sodanige regulasie uiteengesit;

(*r*) om alle ander dinge te doen wat daarmee gepaard gaan of bydra tot die verwesenliking of bevordering van enige doel of gepaard gaan met die bevoegdheid of funksies in hierdie skema genoem.

(*c*) with the approval of the Minister, to borrow money to be used for the purpose of attaining the objects of the scheme and to use any money derived from any levy imposed in terms of section 16 for any object which, in its opinion, will be to the advantage of producers of pineapples;

(*d*) to accept money or property given to the board by way of donation, grant or otherwise and to utilize such money or property in such manner as the Minister may approve;

(*e*) to establish an information service in order to advise producers of pineapples from time to time about marketing conditions in general or about the condition of any particular market;

(*f*) to co-operate with any person in doing any act which the board may perform, and to do on behalf of any other similar board any act which that board may perform;

(*g*) to determine the maximum quantity of any class, variety, grade or count of pineapples which may, during any week or during any day or other period determined by the board, be brought into or removed out of any area defined by the board;

(*h*) to act as agent for the receipt and sale of pineapples of any variety or class;

(*i*) to treat in such manner as it may deem fit, grade, pack, store, process, adapt for sale, insure, advertise and transport, any such pineappels in connection with which it conducts a pool;

(*j*) to finance any pool conducted by the board and to make advances to contributors to any such pool;

(*k*) to require every person concerned in the production, marketing or processing of any class or variety of pineapples to furnish the board with such information relating to pineapples of that class or variety as may be available to such person and as the board may specify;

(*l*) with the approval of the Minister, to prescribe the records to be kept and the returns to be rendered to the board by any person or class or group of persons producing or dealing in the course of trade with pineapples and the times at which and the form and manner in which such returns shall be rendered;

(*m*) to assist, by grant, or loan or otherwise, any research work relating to the improvement, production, processing and marketing of pineapples;

(*n*) to advise the Minister as to—

(i) the conditions regarding grades, standards of quality, methods of packing and the marking of any pineaples or any receptacle or cover containing it, subject to which any such fruit may be sold;

(ii) the prohibition, control or regulation of the export of any particular class or variety of pineapples;

(iii) all matters relating to the marketing or processing of pineapples;

(*o*) with the approval of the Minister, to prohibit any producer from selling pineapples which he has produced, except such class, variety, grade, quantity or percentage thereof as the board has determined or except for such purposes as the board has defined;

(*p*) with the approval of the Minister, to prohibit any person from selling pineapples unless he has acquired such from the board or from such persons as may be determined by the board;

(*q*) with the approval of the Minister to require any person dealing in the course of trade with pineapples to furnish to the board such security for the payment of the purchase price of any quantity of pineapples purchased from a producer, as may be prescribed by regulation, and to deal with any security so furnished in such manner as may be specified in any such regulation;

(*r*) to do all such other things as are incidental or conducive to the attainment or advancement of any object or incidental to any powers or functions mentioned in this scheme.

(2) 'n Voorskrif van of verbod opgelê of besluit geneem deur die Raad, met betrekking tot 'n deel van die Unie, kan verskil van so'n voorskrif of verbod of besluit met betrekking tot 'n ander deel van die Unie of kan alleen in aangegewe dele van die Unie van toepassing wees.

Heffing op pynappels en instelling van pynappelheffingsfonds.

16. (1) Die Raad kan met goedkeuring van die Minister van tyd tot tyd 'n heffing op 'n basis wat hy bepaal op pynappels oplê; met dien verstande dat so'n heffing hoogstens ..... vir elke 100 lb. pynappels uitgevoer of verkoop bedra.

(2) Die heffing kragtens subartikel (1) opgelê kan, ten opsigte van 'n besondere klas, graad of gehaltestandaard van pynappels verskil van enige sodanige heffing ten opsigte van 'n ander klas, graad of gehaltestandaard van pynappels en is deur elke produsent betaalbaar ten opsigte van die totale hoeveelheid pynappels deur hom verkoop of uitgevoer.

(3) Die Raad stel 'n fonds in onder die benaming die Pynappelheffingsfonds, waarin alle gelde ontvang uit heffings ingevolge subartikel (1) opgelê, en ander gelde wat die Raad toeval, gestort word, en waaruit betalings deur die Raad gemaak word.

Spesiale heffing en instelling van spesiale fonds.

17. (1) Die Raad kan—

(*a*) met goedkeuring van die Minister 'n spesiale heffing lê op pynappels en vir die oplegging van hierdie heffing is die bepalings van subartikel (2) van artikel 16 *mutatis mutandis* van toepassing;

(*b*) 'n spesiale fonds instel, in daardie fonds die opbrengste van 'n spesiale heffing opgelê kragtens paragraaf (*a*) en enige ander bedrae tot beskikking van die Raad, wat deur die Minister goedgekeur mag word, stort en met geld in daardie fonds handel op 'n wyse wat die Minister goedkeur.

Prysvasstelling.

18. (1) Die Raad kan met goedkeuring van die Minister van tyd tot tyd elkeen of iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort of iemand anders as iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, verbied om 'n hoeveelheid pynappels, of 'n klas of graad daarvan, te verkry te verkoop of van die hand te sit teen 'n ander of 'n laer of 'n hoër prys as 'n prys deur die Raad vasgestel, of bereken ooreenkomstig 'n grondslag deur die Raad bepaal vir bedoelde pynappels of vir 'n klas, graad of hoeveelheid daarvan.

(2) By die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens subartikel (1) kan die Raad met goedkeuring van die Minister—

(i) die gelde of koste wat ingesluit of bygevoeg moet word by, of afgetrek moet word van 'n in genoemde subartikel bedoelde prys, of die gewig wat met betrekking tot 'n daarin bedoelde hoeveelheid toegelaat moet word vir die houer van die betrokke pynappels bepaal:—

(ii) van elkeen wat pynappels of 'n klas, graad of hoeveelheid daarvan op krediet of vir 'n bedrag wat meer is as 'n bedrag deur die Raad bepaal, van die hand sit, vereis dat hy 'n faktuur verskaf wat sodanige besonderhede bevat as bepaal word;

(iii) ten opsigte van 'n hoeveelheid pynappels of van 'n klas of graad daarvan wat verkry is vir enige doel of deur enige klas persone, 'n prys vasstel wat verskil van die prys wat vasgestel is ten opsigte van 'n hoeveelheid pynappels, of 'n klas of graad daarvan wat verkry is vir 'n ander doel of deur 'n ander klas persone; of

(iv) ten opsigte van sodanige pynappels, of 'n klas of graad daarvan verskillende pryse ten opsigte van verskillende hoeveelhede of ten opsigte van verskillende tye van die jaar vasstel.

(2) Any requirement or prohibition imposed or decision taken by the board which relates to any portion of the Union, may differ from any such requirement or prohibition or decision which relates to any other portion of the Union, or may apply only to specified portions of the Union.

Levy on Pineapples and Establishment of Pineapple Levy Fund.

16. (1) The board may, with the approval of the Minister, from time to time impose a levy on pineapples on such basis as it may determine; provided that such levy shall not exceed the sum of.....for every 100 pounds of pineapples exported or sold.

(2) The levy imposed under sub-section (1) may, in respect of any particular class, grade or standard of quality of pineapples, differ from any such levy in respect of any other class, grade or standard of quality of pineapples, and shall be payable by every producer in respect of the total quantity of pineapples sold or exported by him.

(3) The board shall establish a fund, to be known as the Pineapple Levy Fund, into which all amounts derived from any levy imposed under sub-section (1), and any other moneys which may accrue to the board shall be paid and from which payments by the board shall be made.

Special Levy and Establishment of Special Fund.

17. The board may—

(*a*) with the approval of the Minister, impose a special levy on pineapples, for the purposes of which levy the provisions of sub-section (2) of section 16 shall, *mutatis mutandis*, apply;

(*b*) establish a special fund, pay into that fund the proceeds of any special levy imposed under paragraph (*a*) and such other amounts at the board's disposal as may be approved by the Minister, and deal with any moneys in that fund in such manner as may be approved by the Minister.

Fixation of Prices.

18. (1) The board may, with the approval of the Minister, from time to time prohibit any person or any person belonging to any class or group of persons or any person other than a person belonging to any class or group of persons from acquiring, selling or disposing of any quantity of pineapples or of any class or grade thereof, at a price other than or below or above a price fixed by the board, or calculated in accordance with a basis determined by the board for such pineapples or for such class, grade or quantity thereof.

(2) When exercising its powers under sub-section (1) the board may, with the approval of the Minister—

(i) determine the charges or costs to be included in, added to or deducted from any price referred to in the said sub-section or the weight to be allowed, in relation to any quantity therein referred to, for any container of pineapples;

(ii) require any person disposing of pineapples or of any class, grade or quantity thereof on credit or for an amount exceeding an amount determined by the board, to render an invoice containing such particulars as may be determined;

(iii) fix, in respect of any quantity of pineapples or of any class or grade thereof, which is acquired for any purpose or by any class of persons, a price which differs from the price fixed in respect of a quantity of such pineapples or that class or grade thereof acquired for any other purpose or by any other class of persons; or

(iv) fix, in respect of such pineapples or of any class or grade thereof, different prices in respect of different quantities or in respect of different times of the year.

HOOFSTUK II.

SPESIALE REËLS WAT DIE BEMARKING VAN PYNAPPELS BEHEER.

Verkoop deur die Raad alleen.

19. Die Raad kan met goedvinde van die Minister 'n pynappelprodusent belet om pynappels van enige klas, graad, hoeveelheid of persentasie daarvan wat die Raad van tyd tot tyd vasstel, te verkoop, behalwe aan of deur die Raad of deur persone wat die Raad bepaal.

Verpoeling van opbrengste.

20. Wanneer die Raad 'n verbod kragtens artikel 19 opgelê het, kan hy 'n poel bestuur vir die verkoop van daardie pynappels ooreenkomstig die bepalings van hierdie hoofstuk.

Uitvoerpoele.

21. (1) Die Raad bestuur 'n afsonderlike poel ten opsigte van pynappels van elke klas wat gedurende sodanige tydperk of tydperke in 'n seisoen as die Raad met goedkeuring van die Minister bepaal uit die Unie uitgevoer word.

(2) Die Raad verdeel die netto opbrengste van elke poel bedoel in subartikel (1) onder uitvoerders wat tot sodanige poel bygedra het in verhouding tot die getal pynappels—

(*a*) uitgevoer en verkoop namens elke sodanige uitvoerder vir rekening van daardie poel; of

(*b*) soos die Raad andersins ten opsigte van elke sodanige uitvoerder bepaal.

(3) Die bedrag wat ingevolge subartikel (2) aan 'n uitvoerder uitgedeel word, behalwe in die geval van pynappels wat by die uitvoerhawe koel opgeberg word vir 'n tydperk van meer as drie weke solank dit op verskeping wag, word verminder—

